

Vraag 1: Omkring die korrekte antwoord.

20

a. 'n **Keël** is 'n voorwerp met:

- i. plat en geronde oppervlakte
- ii. geronde oppervlakte
- iii. plat vlakke

b. 'n **Sfeer** is 'n voorwerp met:

- i. plat en geronde oppervlakte
- ii. geronde oppervlakte
- iii. plat vlakke

c. 'n **Reghoekige prisma** is 'n voorwerp met:

- i. plat en geronde oppervlakte
- ii. geronde oppervlakte
- iii. plat vlakke

d. 'n Voorwerp wat **lengte**, **breedte** en **hoogte** het, is 'n:

- i. tweedimensionele (2D-) voorwerp
- ii. vierkant
- ii. driedimensionele (3D-) voorwerp
- iii. plat vlak

[4]

Vraag 2: Voltooi die volgende sinne:

- a. 'n Kubus bestaan uit _____ vierkantige plat vlakke.
- b. 'n Driehoekige prisma bestaan uit _____ plat vlakke met 'n _____ as basis.
- c. 'n Silinder het beide plat en _____ vlakke.
- d. 'n Reghoekige prisma bestaan uit _____ plat vlakke.

[4]

Vraag 3: Sê of die volgende stellings waar of onwaar is.

- a. 'n Sfeer is 'n voorwerp met slegs plat vlakke.

- b. 'n Vierkantige piramide is 'n voorwerp met slegs geronde vlakke.

- c. 'n Kubus is 'n voorwerp met slegs plat vlakke.






[3]

Vraag 4: Identifiseer die tipe 3D-vorm.

- a. Ek is 'n driedimensionele voorwerp wat 'n geboë vlak het waarvan alle punte op die oppervlak dieselfde afstand van die middel af is. _____
- b. Ek is 'n prisma met ses vierkantige sye. _____
- c. Ek is 'n piramide met vier driehoekige sye. _____

[3]

Vraag 5: Gee die korrekte naam van elk van die voorwerpe hieronder:



A: _____

B: _____

C: _____

D: _____

E: _____

F: _____

[6]

Totaal: 20